

Sondag 22 November

Skrifgedeelte: Amos 4:1-13

Fokusgedeelte: Amos 4:13

Besef Wie die Here is!

Besef jy werklik Wie die Here is? Dink bietjie aan jou lewe die afgelope week, het jy geleef soos iemand wat bewus is van die Here se heiligheid?

Die heiligheid van die Here wat in hierdie gedeelte beskryf word, laat ons keel sommer toetrek. Die oordeel wat Hy oor hierdie mense uitspreek, is verskriklik. In verse 1-5 en 12 word die oordeel wat hulle gaan ontvang, uitgespreek. Kyk net wat sê die Here in vers 12. Nadat Hy reeds al die verskriklike dinge in vers 6-11 toegelaat het, sal Hy alles weer aan hulle doen.

Wat was die sonde wat Israel dan gedoen het? Hulle lyk vanuit 'n menslike oogpunt baie toegewyd. Soos vers 5 sê, het hulle nie net die voorgeskrewe offers gebring nie. Hulle het tot dankoffers en vrywillige offers gebring. Dit is offers wat nie van hulle verwag is nie, maar wat hulle uit vrye wil gebring het.

Israel het nie meer die offers vir die Here gebring nie. Hulle het dit gedoen om deur ander mense raakgesien te word. Hulle het vergeet Wie die Here is.

Dink vir 'n oomblik uit 'n menslike perspektief oor die straf van die Here. Ouers kry tog nie lekker wanneer hulle hul kinders straf nie. Tog weet hulle dit is noodsaaklik om daardeur hulle kinders te red. Die Here is ons almagtige Vader. Sy hart breek met elke seer wat sy kinders beleef. Tog sal Hy dit toelaat indien dit hulle kan red. Hy sal tot toelaat dat sy eie Seun sterf vir sy uitverkore kinders.

Hierdie straf wat die Here sê Hy sal dit alles weer doen? Dit het Hy weer gedoen aan Christus. Nou kan ek en jy besef Wie die Here is. Hy is die HERE die ALMAGTIGE. Hy is heilig. Hy is my Vader.

Sing: Psalm 14-1:1, 3, 5

Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)